TEMA: Afrikaans as ’n waardevolle hulpbron – selfs al verengels die skole en universiteite

Agtergrond:

Vroue het soveel invloed oor die vorming van hulle eie kinders asook die kinders van ander in die gemeenskap. In die meeste gevalle spandeer mammas die meeste tyd met die pasgeborene en byna al baba se ervarings word geskep en gevorm deur mamma en pappa in die gesin. Tydens die eerste lewensjare reageer die kind se brein ook goed op stimulasie - hulle leer sommer maklik tale aan en om te praat en te lees. As die ma die regte taalbesluite neem, word die saadjie van meertaligheid ook geplant. Moedertaal en meertaligheid bepaal die toekoms van die kind.

Datum:

7 Augustus 2020

Tyd:

10:00 – 11:30

Tydsduur:

1uur en 30min

Gespreksleier: Prof Debra Meyer

Inleiding: Merlyn van der Rheede (ATR)

Agtergrond:

Navorsing deur Schlemmer (2010) dui aan dat ’n taalverskuiwing na Engels in baie bruin gemeenskappe plaasvind en in ’n geringer mate onder wit Afrikaanssprekendes. Hoekom gebeur dit en wat is die gevolge daarvan? Hoe verhinder ons die aftakeling van Afrikaans as ons erfenistaal en taal van onderwys?

Doel van seminaar:

- *die handhawing van Afrikaans as waardevolle erfenistaal in families;*
- *verbeterde toegang tot Afrikaans as taal van onderrig in skole, en*
- *beter begrip en samewerking tussen wit en bruin Afrikaanssprekendes.*

Paneellede:

Annelise de Vries (Solidariteit): Afrikaans binne die werks- en besigheidsomgewing

Hoe kan Afrikaans as huis- en onderrigtaal meeding om kinders vir die besigheidswêreld asook die internasionale mark voor te berei? Wat kan ouers doen om te help dat skole Afrikaans as onderrigmedium behou en daardeur sorgdra dat hulle kinders ekonomies selfstandig word? Hoe

kan integrasie met Afrikaanse taal- en kultuurorganisasies en ander Afrikaanse skole help om ’n leerkonteks te skep wat leerders vir die werks- en besigheidsomgewing sal voorberei?

Dr. Surette van Staden (UP): Afrikaans as leerhulpbron

Waaraan kan die swak prestasie van Suid-Afrikaanse leerders toegeskryf word? Speel die feit dat die oorgrote meerderheid van leerders nie in hul moedertaal onderrig word nie, na jou mening ’n rol? Sal jy ouers aanraai om hul kinders in hul huis- of moedertaal te laat skoolgaan? Sal dit die prestasie van leerders verbeter, en indien wel, waarom? Sal dit hulle help om meertalig te word in plaas van slegs eentalig te wees?

Jolyn Phillips (UJ): Afrikaans - gedeelde taalerfenis

Afrikaans is al vir geslagte lank die moedertaal en erfenistaal van sprekers uit alle Afrikaanse gemeenskappe. Tog is verengelsing toenemend besig om pos te vat, veral in bruin gemeenskappe. Hoe kan Afrikaans bydra tot die versoening van sy sprekers?

Zahn Hulme (Atterbury Trust): Afrikaans, ’n hupstoot vir ’n beter toekoms

Met universiteite wat toenemend verengels, blyk dit al hoe meer dat Afrikaans se dae as akademiese taal getel is. Waarheen nou met Afrikaans, en moedig jul steeds studente aan om in Afrikaans te studeer? Hoe kan studente deur Afrikaans uitreik en versoen, nie net met ander Afrikaanssprekendes nie, maar ook met die anderstaliges van die land?

Marlie Coetzee (VivA Afrikaans) : Afrikaans as familie- en onderrigtaal – ’n bate of nie?

Die statistiek toon dat Afrikaans besig is om te kwyn deurdat dat die sprekers en die gebruiksdomeine van die taal afneem. Wat dink jy oor die toekoms van Afrikaans in die lig van die kwynende statistiek? Is dit steeds die moeite werd vir Afrikaanssprekende ouers om Afrikaans as huistaal te kies? Hoe kan ons Afrikaans omarm as ’n eenheidstaal: ’n taal met verskeidenheid tongvalle en variëteite waarvan almal gelyk is?